Vervang *pro Deo's* met regshulp

I W B de Villiers SC,
Pretoria-Balie



Dit het lankal reeds tyd geword dat die *pro Deo*-stelsel moet verdwyn en deur die Regshulpstelsel vervang word. Die Algemene Balieraad beywer hom reeds jarelank daarvoor, maar ongelukkig het daar nog geen verandering gekom nie, waarskynlik omdat dit vir die Staat goedkoper is om die *pro Deo*-stelsel te behou as om dit deur die Regshulp-stelsel te vervang. Hoewel mens begrip het vir die finansiële probleme wat ons land knel, ontstaan die vraag of die huidige toestand langer geregverdig kan word.

Anomalieë

Die bestaan van die twee stelsels naas mekaar lei tot ernstige anomalieë. As 'n persoon byvoorbeeld van diefstal aangekla word, kan die Regshulpraad 'n bekwame en ervare advokaat en prokureur aanstel om die beskuldigde in sy verdediging by te staan. Daarteenoor kan die geval gestel word waar 'n beskuldigde van 'n halsmisdaad in die Hooggeregshof aangekla word. As hy nie regsverteenwoordiging kan bekostig nie, word 'n *pro Deo*-advokaat vir hom aangestel. Die Balierade wat *pro Deo*-advokate moet aanstel, ondervind groot probleme om ervare en bekwame advokate vir *pro Deo's* aan te stel omdat die meer ervare en bekwame advokate nie bereid is om teen die lae vergoeding wat vir *pro Deo's* betaal word, sulke werk te doen nie.

Prokureur se bystand

'n Verdere anomalie is dat die *pro Deo*-stelsel as sulks nie voorsiening maak dat 'n *pro Deo*-advokaat deur 'n prokureur bygestaan word nie. 'n *Pro Deo*-advokaat kan die Regshulpraad wel in 'n geskikte geval versoek dat 'n prokureur aangestel word om hom by te staan. In die praktyk gebeur dit egter selde. Die rede is waarskynlik dat hierdie prosedure te lomp en omslagtig is. 'n *Pro Deo*-advokaat behoort *in alle gevalle* die bystand van 'n prokureur te hê sonder dat hy aansoek hoef te doen dat 'n prokureur aangestel word. 'n Prokureur kan 'n baie noodsaaklike funksie vervul. Onder andere kan hy deur 'n vroeë konsultasie met die beskuldigde vasstel wat die beskuldigde se saak is en dit met die advokaat bespreek met die oog op voorbereiding vir verhoor. Waar nodig kan hy met moontlike verdedigingsgetuies konsulteer, verklarings neem en die inhoud van hulle getuienis met die advokaat bespreek. Op hierdie wyse sal die verdedigingsaak vooraf behoorlik voorberei kan word.

Ombudsman

Die Regshulpraad is ingestel kragtens die Wet op Regshulp, 22 van 1969. Die oogmerk van die Raad is om regshulp aan behoeftige persone te verleen of beskikbaar te stel (art 2). Die gelde wat aan 'n advokaat betaal word, is 'n kwart minder as die redelike gelde wat gebruiklik vir dié dienste betaal sou word. By elke Balie is daar 'n *ombudsman* wat namens die Regshulpraad die voorgestelde gelde takseer om te kontroleer dat dit redelik is. Behoeftige persone wat van halsmisdade aangekla word, sou regshulp ingevolge die Wet kon kry, was dit nie dat daar 'n *pro Deo*-stelsel bestaan wat oënskynlik in sulke behoeftiges se behoeftes voorsien nie.

Ernstige kritiek deur howe

Ernstige kritiek op die *pro Deo*-stelsel is al deur ons howe uitgespreek. In *S v Gibson, N O and others* 1979 (4) SA 115(D) het die geskiktheid van *pro Deo*-advokate om hulle taak te verrig ter sprake gekom. Milne R (soos hy toe was) het die volgende hieroor gesê (126D-127E):

> " . . . it is regrettably so that, in many cases, *pro Deo* counsel are inadequate. I had occasion, only the week before I commenced the hearing of this trial, to comment upon the fact that the case for the State in that case and the case for the five accused had been extremely well presented, and that this was in contradistinction to the fact that in many cases the case for the State or the case for the accused, or both, was ineptly presented and sometimes presented with downright incompetence. My criticism was not confined to *pro Deo* cases. It is undoubtedly so that *pro Deo* counsel are usually the most junior members of the Bar and it is usually so that the most junior members of the Bar are those with the least experience. The Courts do not, of course, permit persons to appear before them as counsel who are not duly qualified and admitted as such. All those who are so qualified and admitted have a right of audience whether the Court regards all of them as competent or not. Nevertheless there is a great diversity of natural ability and skill between practitioners of the law and in the case where a wholly inexperienced advocate is also a person who lacks, in large measure, most of the qualities necessary to a good advocate. It requires an extremely alert Judge to see that justice is done and that there are not miscarriages of justice as a result of inexperience or inability or a combination of both. Moreover, I imagine that, *mutatis mutandis,* these remarks would apply to any other profession or occupation providing service - from plumbing to medicine, from waiting at table to sitting in Parliament.
>
> Having said that, let me make it absolutely clear that I believe that the system of appointing *pro Deo* counsel is an indispensable part of the proper administration of justice in the Republic. In most cases it is obvious that representation by a man who has obtained the qualifications necessary to admit him to the Bar is certainly better than no representation at all. In some cases *pro Deo* counsel is a highly skilled and experienced person. For example, he may be a person who is a retired magistrate or a prosecutor with many years of experience in the

courts, allied to which he may have considerable natural ability. Even in a case where a man has little natural aptitude as an advocate and no experience, his advice and representation is nearly always better than no advice and no representation. Ideally, of course, more experienced and able persons should defend persons who are exposed to the death penalty. In fact it is a serious anomaly that such cases are usually defended by counsel with the least experience, for, although the law in these cases is seldom complex, errors of judgment in handling evidence could have fatal results for the accused. There are no doubt considerable practical problems involved in implementing an ideal situation, not the least of these being the considerable financial burden that this would impose upon the State. It would seem to be a matter which should be further considered by all the authorities and bodies concerned. I have said elsewhere in this judgment that the Bar, as an organisation, has been concerned about it for many years. A possible solution which I mention with great diffidence for consideration might be for the State to fix some sort of grading of fees and to pay a fee for which it would be reasonable to expect fairly able and experienced counsel to appear in the most serious of what are all serious cases. The system we have, however, may in fact be the best that is available in the circumstances, and it may be difficult under prevailing conditions to improve upon it. That it is not a perfect system is, nevertheless, clear."

Met eerbied wil ek my met bogemelde sienings vereenselwig. Dit is ook juis om bogemelde redes dat die Algemene Balieraad en die Vereniging van Prokureursordes hulle reeds jarelank beywer vir inlywing van *pro Deo's* by die Regshulpstelsel.

Oordeelsfoute

Die Regter se stelling dat oordeelsfoute aan die kant van 'n onervare advokaat noodlottige gevolge vir die beskuldigde mag hê, is ongelukkig waar. Natuurlik kan selfs ervare en bekwame advokate sulke oordeelsfoute begaan, maar juis vanweë hulle bekwaamheid en ervaring is die kanse dat dit kan gebeur baie kleiner. Veral in die lig van die feit dat ons land die doodvonnis toepas, behoort ons uit ons pad uit te gaan om te sorg dat beskuldigdes in halssake deur bekwame en ervare advokate verteenwoordig word.

Bophuthatswana

Dit is opvallend dat Bophuthatswana reeds die stap gedoen het om die *pro Deo*-stelsel te vervang met 'n regshulpstelsel. Dit is hoog tyd dat die Republiek hierdie voorbeeld volg.

Opoffering deur advokate

Die argument word geopper dat die *pro Deo*-advokaat nie moet verwag om redelike vergoeding te ontvang nie en dat hy dit as sy plig teenoor die gemeenskap behoort te beskou om *pro Deo*-werk te doen. Daar moet egter onthou word dat *pro Deo*-werk geweldig toegeneem het terwyl die skaal van vergoeding baie laag gebly het. Verder is baie *pro Deo's* deesdae lang sake wat 'n week en selfs veel langer duur. Dit is vir 'n advokaat 'n groot geldelike opoffering om in so 'n saak *pro Deo* op te tree. Dikwels vind die verhoor boonop in 'n ander sentrum plaas as waar hy kamers het. Om sy kamers aan die gang te hou, kos hom dikwels meer as wat hy uit so 'n saak verdien. Omdat hy elke dag in die hof is, word sy geleenthede om ander opdragte te bekom, drasties verminder.

Gemeenskapsdiens

Dit kan, na my oordeel, nie langer van die advokaatsberoep verwag word om op so 'n omvangryke skaal 'n plig teenoor die gemeenskap te onderneem nie. Verder moet in gedagte gehou word dat waar 'n advokaat werk vir die Regshulpraad verrig, hy immers ook sy deel tot gemeenskapsdiens bydra deur minder as sy redelike gelde te ontvang. Baie advokate tree sonder vergoeding as kommissarisse in die Kleineisehowe op. In geskikte gevalle tree advokate ook teen geen of verminderde vergoeding op. Baie advokate verrig ook ander vorms van gemeenskapsdiens.

Die advokatuur is nie onwillig om gemeenskapsdiens te verrig nie, maar ek meen dat die *pro Deo*-stelsel opofferings verg wat nie van enige ander beroep in die land geverg word nie.

Heel juniors tree op

Die beswaar word ook soms geopper dat dit die Balie se plig is om toe te sien dat bekwame en ervare advokate in *pro Deo*-sake optree, en nie die heel juniors soos nou dikwels die geval is nie. By die Pretoria-Balie word advokate wat minder as 10 jaar praktiseer, verplig om *pro Deo's* te doen. In die praktyk is dit egter, vanweë die lae vergoedingstelsel, dikwels die heel juniors wat die *pro Deo*-werk doen. Om dieselfde rede is dit vir 'n Balieraad baie moeilik om meer ervare en bekwame advokate te verplig om sulke werk te doen. Die Staat kan immers ook nie verwag dat die Balierade hulle lede moet verplig om, teen hulle sin, gemeenskapsdiens te doen op die skaal waarop dit tans van hulle verwag word nie.

Tarief

Die tarief waarvolgens *pro Deo*-werk vergoed word, word wel af en toe verhoog. Dit help egter weinig om die basiese probleme te bowe te kom. Die vergoedingskaal bly steeds so laag dat gewoonlik slegs die heel juniors *pro Deo's* doen.

Na my oordeel is dit die Staat se verantwoordelikheid om te sorg vir behoorlike regsverteenwoordiging van beskuldigdes wat van halsmisdade aangekla word. Die Staat mag nie hierdie verantwoordelikheid ontduik deur dit op die advokatuur af te skuif nie.

Dringende optrede nodig

Bogemelde probleme met *pro Deo's* is so kritiek dat die hele stelsel dreig om ineen te stort. Die Staat sal derhalwe dringende stappe moet doen om *pro Deo's* met regshulp te vervang.

Probleem rondom fondse

Die Regshulpraad moet natuurlik binne die perke van sy begroting bly. Wanneer daar nie fondse beskikbaar is nie, kan regshulp nie voorsien word nie. Indien die verdediging van halsmisdade deur die Regshulpraad hanteer sou word, sou die Raad vanselfsprekend nie kon weier om sulke sake te behartig wanneer fondse tekort skiet nie. Na my oordeel behoort hierdie probleem egter nie onoorkomelik te wees nie. Die verdediging van halsmisdade behoort voorkeur te kry. Indien daar in 'n besondere jaar dus besnoei moet word, behoort dit ten koste van ander regshulpsake te geskied en nie ten koste van die verdediging van halsmisdade nie. In ieder geval moes daar reeds jarelank ingevolge die *pro Deo*-stelsel op die basis gewerk gewees het dat die Staat voldoende fondse beskikbaar moes stel vir die verdediging van sulke sake en dat die Staat nie sodanige verdediging kon weier wanneer fondse ontbreek nie. ■